

NAMIBIA SENIOR SECONDARY CERTIFICATE

FIRST LANGUAGE AFRIKAANS ORDINARY LEVEL

4101/1

PAPER 1 Reading and Directed Writing

2 hours 30 minutes

Marks 70

2017

Additional Materials: Answer Book

INSTRUCTIONS AND INFORMATION TO CANDIDATES

- Write your answers in the Answer Book provided.
- Write your Centre Number, Candidate Number and Name in the spaces on the Answer Book.
- Write in dark blue or black pen.
- Do not use correction fluid.

- Answer **all** questions.

- You should pay attention to spelling, punctuation and handwriting.

- The number of marks is given in brackets [] at the end of each question or part question.

INSTRUKSIES EN INLIGTING VIR KANDIDATE

- Beantwoord die vrae in die Antwoordboek.
- Skryf jou Sentrumnommer, Kandidaatnommer en Naam in die spasies op die Antwoordboek.
- Skryf met 'n donkerblou of swart pen.
- Moenie vloeibare uitwisser gebruik nie.

- Beantwoord **al** die vrae.

- Gee aandag aan spelling, leestekens en handskrif.

- Die aantal punte word tussen hakies [] aan die einde van elke vraag of deel van 'n vraag gegee.

This document consists of **6** printed pages and **2** blank pages.



Republic of Namibia

MINISTRY OF EDUCATION, ARTS AND CULTURE

AFDELING A

Lees leesstuk 1 aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae in jou eie woorde, tensy anders gevra.

Leesstuk 1

Ontmoet Voortrekker

Op die oewers van die Ugabrivier en in sy droë lope skuil drie troppe woestynolifante met elkeen se leier so uniek soos hul herkoms. Die bekendste hiervan is die olifantbul, Voortrekker, en die olifantkoei, Mama Afrika.

Voortrekker het in die láát negentigs ná 'n afwesigheid van 60 jaar weer woestynolifante na die Ugabrivier teruggebring. In 1998 lok hy vir Mama Afrika en haar trop na die rivier se lope om saam met hom hier 'n nuwe tuiste te vind. Hy is die Ugab se leier, hoofteler en bewaarder van stabiliteit en balans tussen en met die ander troppe woestynolifante. Dit kos ook 'n olifantbul soos Voortrekker om veral die jonger bulle in toom te hou en die lesse en maniere van die lewe te leer.

Bereik die jong bulle hul "tienerjare", word hulle uit die trop geskop om 'n mentor tussen die ander, ouer bulle te vind. Sonder die leiding van die ouer garde kan die jong bulletjies 'n handvol raak en veral die koeie in die trop teister. 'n Gespanne of geïrriteerde olifantkoei beteken moeilikheid vir die res van die trop en ook vir die mens, daarom is dit noodsaaklik dat die ouer olifantbulle daar is om die jonges in toom en die koeie gelukkig te hou.

Buiten Voortrekker is daar nog ses olifantbulle wat in die Ugabrivier leef. Een van dié bulle is Tsaarab, wie se naam in Damara "saggies" beteken. Toe Tsaarab as tienerbulletjie uit Mama Afrika se trop verjaag is, het hy besluit hy maak van Elephant Human Relations Aid (EHRA) se basiskamp sy oornagplek. Die kamp was nog in aanbou toe Tsaarab een nag net daar opdaag. Hy het 'n paar meter van 'n personeellid op die grond gaan lê en slaap, maar die man het hom eers die volgende oggend gesien en hom Tsaarab gedoop.

Nog 'n olifant wat gereeld by die EHRA-kamp kom gesig wys, is Tusker. Hy is nuut in die Ugab-omgewing en is maklik herkenbaar omdat een van sy tande afgebreek is. Hy is baie nuuskierig en gaan loer ook graag by die primêre skool in die omgewing in.

Dan is daar Kambonde, die jongste van die Ugab-bulle wat eers onlangs uit sy trop weg is. Omdat toeriste in die verlede vir hom lemoene gevoer het, sal hy maklik na motors gaan op soek na iets soets. Mense moet dus versigtig wees wanneer hy in die omgewing is.

EHRA is 'n nieregeringsorganisasie wat op vrywillige basis die olifantbewaringsprojek bestuur. Hulle doel is om 'n langtermyn-volhoubare oplossing te vind vir die toenemende probleme wat bestaansboere en gemeenskappe met woestynaangepaste olifante ondervind.

Omdat natuurlike waterbronne weens verhoogde menslike verbruik afgeneem het, is al hoe minder oppervlakwater vir die olifante se gebruik beskikbaar. Dus is mensgemaakte waterpunte in rivierbeddings nou in die olifante se visier. Ongelukkig rig die olifante baie skade aan windpompe, opgaartenks, putte en pompe aan. Omdat huise gewoonlik ook naby waterbronne geleë is, word die lewens van mense en vee deur die olifante bedreig.

EhRa glo dat deur mure rondom die waterbronne te bou, gemeenskappe in te lig oor olifantgedrag, alternatiewe waterpunte vir die olifante daar te stel en toerisme in die gebied te bevorder, kan die druk op bestaansboere verlig word. Terselfdertyd word die bestaan van die woestynolifante en die ontwikkeling van bewaringsgebiede gewaarborg. EhRa hou gereeld inligtingsessies en bied opleiding aan toergidse oor olifante se gedrag. Vir die gemeenskappe wat met die olifante saamleef, word hierdie soort opleiding gratis aangebied.

EhRa werk hoofsaaklik onder die drie troppe in die Ugabrivier. Saam met die enkellopende bulle is daar op die oomblik 32 olifante in die Ugab. EhRa konsentreer op dié olifante omdat die moontlikheid van konflik met mense in die gebied bestaan.

EhRa het 'n paar wenke vir mense wat die olifante in die Ugabrivier teëkom.

“Mense moet onthou dat die olifante altyd die reg van toegang het,” het 'n woordvoerder gesê. Moet nooit agter olifante aanry nie, want dit maak hulle senuweeagtig. Wanneer hulle voor die voertuig loop, vind 'n alternatiewe roete om ver by hulle verby te ry. Wanneer hulle na die voertuig aangestap kom, beweeg na die oorkant van die rivier sodat hulle kan verbyloop. Skakel die voertuig af. Mense moet baie stil wees sodra die olifante by die voertuig verbyloop en moet nooit die voertuig verlaat nie. Gewoonlik sal die matriarg haar trop by die voertuig verby lei. Jonger bulle kan nuuskierig wees en na die voertuie beweeg. Moenie die voertuig aanskakel nie en moet geen geluide maak nie, want dit kan hulle skrikmaak.

Besoekers moet onder geen omstandighede in die rivierbedding oornag nie, veral nie as dit duidelik is dat die olifante in die omgewing is nie. Kampeerders moet liefse kamp opslaan op die oewer van die rivier sodat die olifante ongehinderd in die rivier kan beweeg. Hulle moet ook alle kos wegpak wanneer hulle gaan slaap of gedurende die dag gaan rondry. Moet nooit vrugte, veral sitrus, in tente los nie. Daar was gevalle waar toeriste lermoene vir die olifante gegooi het en een olifant het 'n smaak vir die vrug ontwikkel. Nou sal hy dit soek en uithaal as hy dit kry. Dit veroorsaak 'n probleem tussen toeriste, die gemeenskap en die olifante en kan daartoe lei dat 'n olifant as 'n probleemdiër geklassifiseer word en gevolglik geskiet moet word.

(Verwerk uit Die Republikein, Argief)

Skryf by vraag 1 tot 3 telkens slegs die nommer van die korrekte antwoord in jou antwoordboek, bv. 1 (b).

- 1 Die EHRA-organisasie beywer hulle daarvoor om
 (a) alle bestaansboere in Namibië te help.
 (b) die olifante van die Ugab te beskerm.
 (c) oplossings te vind vir mens-dier-konflik.
 (d) toeriste in Damaraland te beveilig. [1]
- 2 Die jonger bulletjies het 'n leier nodig om
 (a) die ander bulle in toom te hou.
 (b) hulle goeie maniere te leer.
 (c) hulle teen die koeie te beskerm.
 (d) hulle weg te hou van die trop. [1]
- 3 Die beste oplossing vir die konflik tussen olifant en mens oor water is om
 (a) alternatiewe waterbronne vir olifante te skep.
 (b) meer pompe en pypeleidings na huise aan te lê.
 (c) meer windpompe en opgaartenks op te rig.
 (d) van natuurlike waterbronne gebruik te maak. [1]
- 4 Verduidelik in jou **eie** woorde hoekom die boere in Damaraland al meer probleme ondervind met olifante. [3]
- 5 Skryf 'n kort paragraaf van hoogstens **40** woorde oor **die positiewe gevolge wat EHRA se werk in die bewaringsgebiede vir die gemeenskappe inhou**. Laat jou lei deur die aantal punte wat die vraag tel en gebruik sover moontlik jou **eie** woorde en stelwyse. [4]
- [10]**
- 6 Jy besoek EHRA se kantoor in Windhoek om uit te vind wat toeriste moet doen om veilig te kampeer in die dele van Damaraland waar daar woestynolifante is.
 Skryf die gesprek in dialoogvorm.
 Die lengte van die dialoog moet ongeveer **200** woorde wees. [20]

AFDELING B

Lees leesstuk 2 aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

Leesstuk 2

Namibië oorweeg nuwe maatreëls

Mens-dier-konflik in Namibië is 'n probleem wat nie maklik opgelos kan word nie – talle mense se lewe word elke jaar deur wilde diere geëis.

Doeltreffende maatreëls sal ingestel moet word om konflik tussen mens en dier te verminder, want dié soort konflik sal nooit geheel en al uit die weg geruim kan word nie. Niemand kan geblameer word vir die konflik tussen mens en dier nie, want dit is deel van die natuur. 'n Nasionale beleid is reeds in 2009 goedgekeur om maatreëls in te stel om die konflik te verminder.

Wilde diere kan baie skade aanrig, nie net aan landerye en strukture nie, maar hulle teenwoordigheid kan ook menselewe kos. Al meer toeriste, en selfs plaaslike mense, word deur wilde diere beseer of doodgemaak. Gewoonlik word die dier dan as 'n probleemdiër beskou en van kant gemaak.

Die oorsaak van mens-dier-konflik kan toegeskryf word aan die groeiende bevolking van mens sowel as dier. Mense moet 'n veilige afstand van wilde diere handhaaf om te verseker dat hulle nie aggressief raak nie en wilde diere moet gerespekteer word. Dit is beter om nie 'n geraas naby diere te maak nie, nie te naby aan hulle te kom nie en hulle ook nie te terroriseer nie.

'n Mens-dier-konflik-versekeringskema is saam met die nasionale beleid deurgevoer om vir verliese in die gemeenskappe te betaal. Hoewel ondersteuning van skenkers welkom is, moet die kommunale bewaringsgebiede hul eie geld genereer.

Daar is vasgestelde bedrae vir die verlies aan vee en gewasse wat deur wilde diere verrinneweer word. Daar word N\$1 500 betaal vir die verlies aan beeste, N\$500 vir perde, N\$250 vir skape, donkies en varke, N\$200 vir bokke en N\$800 vir 'n hektaar oes.

Die skema bied ook begrafnisbystand van N\$5 000 as 'n mens as gevolg van 'n dier dood is. Die geld moet nie as vergoeding gesien word nie, maar as bystand.

Tog word daar baie probleme ervaar, veral om vas te stel of mense en vee regtig deur wilde diere te na gekom is of nie. Nog 'n uitdaging is dat die bewaringsgebiede ook nie in 'n posisie is om finansiële ondersteuning aan die skema te bied nie.

Die voorkomingsmaatreëls wat reeds ingestel is om vee te beskerm, is die bou van beskermde veekrale, die konstruksie van omheinde gebiede by krokodille, die gebruik van honde as veewagters en die hervestiging van probleemdiere. Nekbande aan wilde diere is ook baie suksesvol, want dan kan daardie wild gemonitor word.

Maatreëls om gewasse en landerye te beskerm, is heinings, veral heinings van brandrissies, brandrissiebome, wagte by landerye en die nuutste tegniek, die blaas van vuvuzelas.

Finansiële ondersteuning sowel as hulpbronne is nou nodig om hierdie maatreëls te laat werk, want as ons die konflik wil verminder, sal almal moet help om 'n verskil te maak.

(Verwerk uit Die Burger, Argief)

- 7 Gebruik die inligting in leesstuk **1** en **2** om die volgende opdrag uit te voer.
Skryf 'n opsomming in paragraafvorm van nie meer as **150** woorde nie waarin jy die wenke om mens-dier-konflik te verminder saamvat. **[20]**
- 8 Jy moet 'n klaspraatjie lewer oor konflik tussen mens en olifant in Namibië. Gebruik inligting uit albei leesstukke in jou praatiojie, maar gee ook jou eie mening van die kwessie.
Jou praatiojie moet ongeveer **250** woorde lank wees. **[20]**

BLANK PAGE

BLANK PAGE